# Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Gee vir elkeen kans om 'n kleur te kies wat by elk van die ander lede van die huisgesin pas. Elkeen moet sê watter kleur hy of sy vir die ander persone gekies het en waarom. Voorbeeld: Ek kies rooi vir Sandra omdat sy so liefdevol is.

Ons koppel dikwels kleure aan seker emosies of ervarings. In die kerkjaar word kleure simbolies aan sekere tye gekoppel om iets uit te beeld van wat die spesifieke tyd vir gelowiges beteken. Kleure kan ons help om die betekenis van seker dinge beter te onthou. Vir Lydenstyd, byvoorbeeld, is die kleure pers en blou, Goeie Vrydag is swart of rooi, en Paassondag is wit.

## WONDER

Lees Johannes 19:17-30 saam.

Gesels saam:

- Hoe laat dit jou voel dat God jou só liefhet dat Hy bereid was om in jou plek die straf aan die kruis te dra?
- Dink jy dit sal 'n verskil in iemand se lewe maak as hulle hoor dat God hulle só lief het? Hoekom sê jy so?

## WEES

Gebruik verf, stukkies papier, kleurkryte of Lego-blokkies om die Suid-Afrikaanse landsvlag te maak.

Julle kan die vlag se kleure gebruik om te verduidelik wat Jesus se kruisiging vir julle beteken. Sê hardop vir mekaar wat elke kleur voorstel terwyl julle die vlag maak:

- **Geel (goud)** herinner ons dat God altyd teenwoordig is. God het ons geskep om in sy heilige teenwoordigheid te leef, maar ons kies keer op keer die sonde en draai weg van God af.

- **Swart** stel die sonde voor wat skeiding tussen ons en God bring. Ons is dankbaar dat God kies om vir ons nuwe lewe te gee deur vir ons aan die kruis te sterf.
- **Rooi** laat ons dink aan Jesus se bloed aan die kruis. Sy bloed skenk vir ons nuwe lewe.
- **Wit** herinner ons dat Jesus se bloed ons harte skoonmaak.
- **Groen** stel die groei in ons verhouding met God voor omdat ons harte weer skoon is.
- **Blou** laat ons dink aan die lug en dat ons opgewonde uitsien na Jesus wat eendag weer aarde toe kom.

## WEGSTUUR

Bid vir mekaar. Gebruik die kleure van die landsvlag om julle met die gebed te help.

---